

Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum (HGSS) is 'n ten volle onafhanklike, geregistreerde nie-winsgewende organisasie. Ons werk vanuit fasiliteite wat ons by die Lakeside Chapel (h/v Wheeler- en Whitestraat, Bettysbaai) huur en met hulle deel. Ons Visie vir die Hangklipgemeenskap (inwoners van Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels) is een waar 'n kultuur van omgee-vir-mekaar heers sodat probleme van onvoldoende voeding, eensaamheid, siekte, verwaarlosing, ensovoorts effektief aangespreek kan word. Daarom fasiliteer ons 'n reeks dienste aan die gemeenskap, hoofsaaklik met behulp van vrywilligers, wat die volgende insluit:

- *Voorsiening van voedsame en smaaklike etes teen gesubsideerde, bekostigbare pryse*
- *Gratis verskaffing van kospakkies aan inwoners wat sukkel om in basiese voedselbehoefes te voorsien*
- *'n Kliniek vir roetine monitering van mediese waarneming en voorsiening van basiese mediese/verpleegtoerusting*
- *Geleenthede vir groeps-aktiwiteite, ontspanning en sosiale interaksie.*

Hierdie dienste, tesame met ander wat meer direk betrekking het op tuis-versorging en -ondersteuning, is die basis vir die HAIL (Home-based Assisted Independent Living) inisiatief, waardeur inwoners met verminderde vermoëns om vir hulself te sorg, of ten minste onafhanklik te kan funksioneer, gehelp word om so lank moontlik in hulle eie wonings en binne die gemeenskap en omgewing waarvoor hulle lief is, te bly voortleef.

In hierdie uitgawe van ons nuusbrieff fokus ons hoofsaaklik op nuwe ontwikkelinge en raak net kortliks aan deurlopende dienste en aktiwiteite waarvoor voorheen in meer besonderhede verslag gedoen is.

HAIL NUUS

KURSUS IN TUISVERSORGING VIR GESINNE

Gedurende die afgelope drie maande was ons fokus grootliks gesentreer op 'n nuwe tuisversorgingskursus wat ons aangebied het. Die kursus is in ses sessies van 6 tot 22 September kundig gelei deur Elizabeth Scrimgeour met die ondersteuning van onder andere Dr Joy Rourke. Elizabeth is 'n hoogaangeskrewe palliatiewe sorgverpleegster wat hier in Bettysbaai bly. Die kursusinhoud, insluitend teorie (met gedrukte uitdeelstukke) en werkswinkels, het onder meer aspekte van veroudering en gestremdheid, palliatiewe sorg, hantering van pyn en kanker, praktiese sorgprosedures, demensie, kommunikasie, hartseer en verlies en holistiese gevorderde sorgbeplanning ingesluit. Hierdie unieke kursus is entoesiasies ontvang deur al 43 deelnemers wat ons aangemoedig het om die kursus vroeg in Maart 2023 te herhaal. Ons het reeds 'n waglys opgestel vir diegene wat belangstel om deel te neem en nooi jou uit om te registreer- kontak Joy Rourke by joyrourke@gmail.com as jy belangstel.

Ongelukkig het tydsbeperkings tydens die eerste kursus die praktiese demonstrasies van relevante sorgprosedures nie toegelaat nie. Ons het egter onderneem om 'n opvolgssessie met praktiese demonstrasies te reël sonder enige bykomende koste vir deelnemers, wat óf aan die einde van Januarie óf vroeg in Februarie 2023 gehou sal word. Besonderhede hiervan sal gesirkuleer word.

In reaksie op verskeie versoeke sal ons ook die moontlikheid ondersoek om 'n addisionele opleidingskursus in noodhulp, wat baie relevant is vir tuisversorging, aan te bied gedurende die eerste kwartaal van volgende jaar. Kennisgewing hiervan sal volg sodra 'n finale besluit geneem is.

Afgesien van kennisoordrag, was 'n verdere doelwit van die tuisversorgingskursus om 'n gevoel van kameraadskap en omgee te bevorder - 'n moontlike voorspel tot die ontwikkeling van 'n samewerkende, ondersteunende netwerk onder versorgers in ons gemeenskap, wat in lyn is met ons HAIL-visie. Hierdie doel is bereik en baie deelnemers het die behoefte uitgespreek om die skakels te handhaaf en plaaslike omgegroepe te vorm. Verskeie vaardighede kan so uitgeruil word en waardevolle ondersteunings verbintenisse kan so gekoester word. Ons beplan om die beste pad vorentoe te bespreek wanneer ons weer ontmoet vir die praktiese demonstrasiesessie vroeg volgende jaar.

HULPBRONNE VIR ONAFHANKLIKE LEWE

Hulpbronyls

Ons het 'n omvattende lys van hulpbronne saamgestel wat vir plaaslike inwoners beskikbaar is. Soedoende sal in verskeie behoeftes wat verband hou met die algemene welstand en vermoë om onafhanklik as deel van ons gemeenskap te bly leef voorsien kan word. Die lys, wat gereeld opgedateer sal word, verskaf besonderhede oor tuisgebaseerde versorgers, mediese

Deelnemers aan die HGSS tuisversorgingskursus by die Lakeside Kapel in Bettysbaai.



nood- en ambulansdienste, mediese en verpleegpraktisyne en 'n wye reeks organisasies wat relevante dienste lewer. Die lys kan verkry word by George Green (e-pos: ggreen@sonicmail.co.za)

Maatskaplike dienste

Die tekort aan maatskaplike dienste is veral duidelik in hierdie huidige hulpbronnelys. Die gebrek aan maatskaplike werkers word in die Hangklip-omgewing sowel as in die Kleinmond-omgewing ervaar. Om hierdie rede wil ons nou saamwerk met die Fynbos Dienssentrum in Kleinmond om hierdie tekortkoming reg te stel en in die behoeftes van beide buurgemeenskappe te voorsien.

Hospice as 'n hulpbron

Die Overstrand Hospice is 'n waardevolle hulpbron, wat, sonder koste, bystaan met die verskaffing van tuisgebaseerde palliatiewe sorg aan mense met ernstige lewensbedreigende of lewensbeperkende kondisies. HGSS ondersoek geleenthede om Hospice in hul werk te ondersteun, veral binne en tot direkte voordeel van ons eie Hangklip-gemeenskap. Ons sien uit daarna om saam met Hospice te werk en sal ons lede op hoogte hou van verwickelinge in hierdie verband.

Chroniese medikasie kliniek

Die plaaslike kliniek vir chroniese medikasie word nou op 'n 8-week-siklus deur die Dept. van Gesondheid by die biblioteekgebou kliniek bedryf. Die hoogs beperkte ruimte laat ongelukkig nie die voortsetting van die ondersteuningswaarnemings en sosiale interaksie toe wat HGSS voorheen by ons Lakeside-kliniek verskaf het nie. Ons komitee sal voortgaan om ander moontlikhede te ondersoek om kontak te behou en 'n sinvolle diens te bied aan die groep chroniese medikasie-pasiënte wat vroeër ons Lakeside-lokaal besoek het. Ons mis die kontak en sal enige voorstelle in verband hiermee verwelkom.

Mediese- en verpleegtoerusting lenings

HGSS het 'n wye reeks mediese en verpleegtoerusting (hospitaalbeddens, rolstoel, krukke, loophulpmiddels, ens.) wat in noodgevallen aan gemeenskapslede beskikbaar is. Daar is geen koste vir hierdie diens nie, maar skenkings van begunstigdes is welkom. Vir meer inligting, kontak Patricia Ackerberg by 082 378 1641.

VOEDING

Die vraag na die voedingsdienste wat HGSS verskaf, styg voortdurend. Gedurende die eerste ses maande (April tot September) van die huidige boekjaar het ons kombuis 3 705 heilsame maaltye voorsien, vergeleke met 3 203 oor dieselfde tydperk verlede jaar – 'n toename van 16%. Terwyl nie-lede van HGSS maaltye teen R50/maaltyd kan koop, word maaltye aan lede

beskikbaar gestel teen die kosprys van R40/maaltyd of teen gesubsidieerde pryse R10 tot R25/maaltyd (aan lede wat dit nie kan bekostig nie). Bekostigbaarheid is duidelik besig om 'n groter probleem te word. Van die bogenoemde 3 705 maaltye is slegs 626 (17%) nie gesubsidieer nie, terwyl 3 jaar gelede (in 2019) die vergelykende proporsie volprysmaaltye wat verkoop is, dubbel soveel was (34%).

Huidige HGSS-lede kan help deur die beskikbaarheid van ons gesubsidieerde maaltyddiens meer algemeen bekend te maak. Maaltye is beskikbaar vir alle plaaslike inwoners wat aansoek doen vir lidmaatskap. Besonderhede van hul huishoudelike inkomste sal vereis word, maar word streng vertroulik hanteer. Jaarlikse ledegelde beloop R60 per persoon (R30 indien bekostigbaarheid 'n probleem is). Aansoekvorms word gewoonlik elektronies saam met ons nuusbriewe versprei of is beskikbaar as harde kopieë van ons Lakeside-kombuis.

Anders as ons maaltyddiens, hoef begunstigdes van ons kospakkiediens nie HGSS-lede te wees nie. Aansoekers moet egter 'n vorm (beskikbaar by Patricia Ackerberg – 082 378 1641) invul waarop die besonderhede van hulle huishoudelike inkomste aangedui moet word. Tans word tussen 45 en 50 kospakkies per maand gratis uitgedeel aan huishoudings in Bettysbaai, Mooiuitsig en Pringlebaai wat sukkel om in hul basiese voedingsbehoefte te voorsien. Gedurende die eerste ses maande van die huidige boekjaar het ons byna R49 000 aan kospakkiebestanddele bestee, vergeleke met R39 000 oor dieselfde tydperk verlede jaar.

SOSIALE EN ONTSPANNINGSAKTIWITEITE

Soos voorheen genoem, bly ons gretig om die omvang van sosiale en ontspanningsaktiwiteite uit te brei om die welstand van lede van die Hangklip-gemeenskap bevorder. Indien jy enige idees in hierdie verband het en veral as jy beskikbaar is om so 'n aktiwiteit te lei, kontak asseblief vir George Green by 083 283 4454. Aktiwiteite wat tans verskaf en/of ondersteun word deur die HGSS, is weeklikse sosiale middagetes, 'n maandelikse vriendskapskring-byeenkoms, Pilates-klasse twee keer per week en 'n Brugklub wat twee keer per maand vergader.

NUUS VAN DIE KOMITEE

Dit is vir ons aangenaam om te rapporteer dat daar gedurende die afgelope kwartaal twee nuwe lede op ons bestuurskomitee aangestel is, wat die totaal op 8 te staan bring. Dit is een lid meer is as die minimum wat in ons grondwet bepaal word. Ons is vol vertroue dat hierdie nuwe bestuurslede nuwe idees en energie sal bydra tot HGSS se pogings om dienste aan die Hangklip-gemeenskap te verbreed en te verbeter.

Bring gerus hierdie nuusbrieff onder die aandag van mede-inwoners van Hangklip (veral nie-lede) wat moontlik ingelig wil word oor die doel en programme van HGSS. Vir diene wat 'n eenmalige of gereelde kontantskenking aan HGSS wil doen (aftrekbaar van belasting), volg ons bankbesonderhede. Gebruik u van en voorletters as verwysing en stuur u kontakbesonderhede per e-pos aan ons tesourier, Adrian de Kock (adrian25@telkomsa.net), sodat ons 'n toepaslike kwitansie vir belastingdoeleindes kan uitreik. *Volg ons op Facebook @hccc.bb*

Rekening: Hangklip Community Care Centre;

Bank: FNB;

Rekeningnr: 62460003818